Die Tweede Adam

Uittreksel van Pastoor Neser se preek: B1056

Skriflesing uit Romeine 5:12-21 en 1Kor.15:20-28,45

Kernvers: 1Kor.15:22 – 'Want soos hulle almal in Adam sterwe, so sal hulle ook almal in Christus lewend gemaak word'.

Wat 'n heerlikheid om te weet dat dit wat God vir ons gedoen het nl. dat alles wat die eerste Adam verloor het, die tweede Adam in volheid kom herstel het. Ons het geen persepsie van wat 'n wonderlike wese daardie eerste Adam moes gewees het nie, want hy was in die Beeld van God geskape – in liggaam, siel en gees.

Dit was dan ook dit wat Satan as aanknopingspunt gebruik het met Adam, deur vir hom te sê: 'Jy hoef nie so onderworpe aan God te wees nie want jy is self 'n wonderlike wese'. Dit was dieselfde wat hy met Jesus probeer doen het nl. om vir Hom te sê: 'As jy die seun van God is, beveel hierdie klippe om brood te word'. Jesus kon dit doen maar dit was nie die bedoeling van die Vader nie want die mens sal nie van brood alleen lewe nie maar van elke Woord wat uit die mond van God uitgaan.

Dit was Adam se geheim en dit was waaruit hy moes lewe en waaroor hy ook doodgegaan het omdat hy nie daarby gehou het nie.

Ons moet dit weer terugkry in ons lewens en Jesus het reeds vir ons die weg gebaan…